

Graan SA Weeklikse Oliesade Mark Kommentaar

GRAAN SA GRAAN SA	DATUM 2018/04/23		DATUM 2018/04/20		+ - WEEK GELEDE 2018/04/16		+ - MAAND GELEDE 2018/03/26		+ - JAAR GELEDE 2017/04/24		
	Data		Δ	Δ%	Data	Δ%	Data	Δ%	Data	Δ%	Data
Brent (\$/b)	73.07	↓ 0.57	-0.8%	73.64	↑ 8.5%	67.36	↑ 3.7%	70.45	↑ 41.0%	51.82	
US\$: ? ZAR	12.15	↓ 0.130	1.1%	12.02	↑ 1.4%	11.98	↑ 4.2%	11.66	↓ -6.8%	13.03	
ACBOT 8vm : 12nm*	R 1 798.48	5	0.3%	R 1 793.44	* CBOT Mei sent/skepel +-08:00 vandag vs CBOT Mielies Mei +-12:00 die vorige dag						
ACBOT 8vm : 12nm*	R 2 067.00	0	0.0%	R 2 066.97	*CBOT Mei sent/skepel +-08:00 vandag vs CBOT Koring Mei +-12:00 die vorige dag						
ACBOT 8vm : 12nm*	R 4 589.36	40	0.9%	R 4 549.09	*CBOT Mei sent/skepel +-08:00 vandag vs CBOT Soy Mei +-12:00 die vorige dag						
Jongste CBOT pryse tydens oornagverhandeling (Aangeteken tussen 06:00 - 07:00 vm teenoor 12:00 vm die vorige verhandelingsdag)											
Corn May '18	376.00	↓ -3.00	-0.8%	379.00	↓ -3%	388.50	0%	377.25	↓ -6%	399.75	
Wheat May '18	463.00	↓ -5.00	-1.1%	468.00	↓ -2%	472.25	1%	460.25	↓ -5%	487.50	
Soybean May '18	1028.00	↓ -2.00	-0.2%	1030.00	↓ -1%	1033.75	0%	1028.25	↑ 5%	981.75	
Jongste MTM-pryse (Aangeteken om 12:00 die vorige verhandelingsdag SPOT = naaste kontrakmaand (Rand/ton))											
SORGHUM Mrt '18	3130.00	0	0.0%	3130.00	0.0%	3130.00	↓ -5.2%	3300.00	↑ 5.4%	2970	
WMAZ SPOT	1970.00	2	0.1%	1968.00	↑ 1.5%	1940.00	↑ 4.2%	1891.00	↑ 8.2%	1821	
WMAZ Jul '18	2044.00	10	0.5%	2034.00	↑ 1.2%	2019.00	↑ 4.4%	1957.00	↓ -2.4%	2094	
YMAZ SPOT	2068.00	9	0.4%	2059.00	↑ 0.7%	2054.00	↑ 5.5%	1961.00	↑ 8.3%	1909	
YMAZ Jul '18	2094.00	-26	-1.2%	2120.00	↓ -0.6%	2107.00	↑ 3.7%	2019.00	↓ -4.0%	2181	
SOY 50 SPOT	4563.00	-19	-0.4%	4582.00	↓ -0.6%	4592.00	↑ 2.1%	4471.00	↑ 0.0%	4561	
SOY May '18	4588.00	-20	-0.4%	4608.00	↓ -0.9%	4631.00	↑ 2.0%	4497.00	↑ 0.6%	4561	
SUN SPOT	4597.00	-58	-1.2%	4655.00	↓ -2.0%	4689.00	↓ -3.4%	4759.00	↑ 7.3%	4285	
SUN May '18	4603.00	-28	-0.6%	4631.00	↓ -0.9%	4644.00	↓ -1.0%	4648.00	↑ 7.4%	4285	
WHEAT Spot	3828.00	0	0.0%	3828.00	↑ 0.5%	3810.00	↑ 1.3%	3780.00	↓ -13.4%	4420	
WHEAT May '18	3847.00	17	0.4%	3830.00	↓ -0.3%	3858.00	↑ 1.3%	3799.00	↓ -13.0%	4420	
OLIESADE (US\$/ton)	2018/04/20	Bron: Oilworld			2018/04/13	2017/11/13	2016/12/12				
Soya-oil, Arg.	758	↓	-2%	770	↓	-1%	769	↑	12%	676	
Soya-pell, Arg.	435	↑	1%	429	↑	28%	339	↑	18%	368	
Soybean, Brazil	462	↑	7%	432	↑	13%	410	↑	13%	410	
USA Runner 40/50	1430	↑	4%	1380	↓	-11%	1600	↑	10%	1300	
Sun-oil, Arg.	760	↑	1%	750	↑	1%	755	↓	-5%	800	
Sun-oil, Black Sea	775	↑	1%	768	↑	3%	750	↑	3%	750	
Sunseed,Black Sea	395	↑	1%	393	↓	-1%	400	↓	-3%	409	
Rapeseed, EU cif	418	↓	-2%	425	↓	-2%	425	↑	5%	399	
Palmk oil Mal, EU	990	↓	-6%	1055	↓	-33%	1470	↓	-5%	1037	

JONGSTE MARK INLIGTING TOT 23:00 (RSA TYD) SOOS VERKRY VAN VERSKEIE MARKVERSLAE

Sojabone: Die internasionale sojaboonpryse was verlede week onder druk, aangesien die mark verwag dat die uitvoerverkope uit die VSA in die komende weke laer kan wees totdat daar meer duidelikheid oor die handel dispute tussen die VSA en Sjina is. Sjina is die grootste invoerder van Amerikaanse sojabone en daarom kan handel dispute tussen hierdie twee lande lei tot 'n afname in die uitvoerverkope van sojabone uit die VSA wat nie gunstig sal wees vir markpryse nie, aangesien die VSA reeds groot sojaboon voorrade beskikbaar het. Sjina sal egter steeds afhanklik wees van Amerikaanse sojaboon-invoere, selfs al koop hulle die meeste Brasiliaanse sojabone vir invoerdoeleindes gedurende die seisoen, en die huidige skatting is dat Sjina steeds sowat 23 miljoen ton sojabone van die VSA af sal moet invoer gedurende 2018. Die Brasiliaanse oes vir die seisoen sal na verwagting 'n nuwe rekordvlak bereik en Brasilië sal waarskynlik groot uitvoerbare voorrade vir die seisoen hê. Die Argentynse oes vir die seisoen, wat na verwagting ongeveer 30% kleiner sal wees as verlede jaar se oes, sal 'n negatiewe uitwerking op die totale uitvoerbare voorraad vir Suid-Amerika hê. In Sjina is daar nog onsekerhede oor die produksieskatting vir die seisoen, aangesien die Sjinese regering aangekondig het dat produsente wat sojabone eerder as mielies plant, hoër subsidies sal ontvang om meer sojaboonproduksie te stimuleer. Tans lyk dit of die produsente steeds meer mielies behoort te plant die komende seisoen. **Plaaslik:** Die plaaslike sojaboonmark was verlede week meestal onder druk en het vir die grootste deel van die week laer verhandel om Vrydag laer af te sluit vir die week. Groot oordragvoorraad is vanaf die vorige seisoen in die mark oorgedra na die nuwe seisoen en die nuwe stroop proses wat aan die gang is bring die nuwe seisoen voorrade ook nou mark toe. Die nuutste oesskatting vir die seisoen word Woensdag bekend gemaak.

Sonneblomsaad: In Rusland het die produksie en uitvoere van sonneblomsaadolie in Februarie verlede jaar se vlakke oorskry, wat die kumulatiewe uitvoere van sonneblomsaadolie vanaf Oktober tot Februarie tot 'n nuwe hoogtepunt geneem wat ongeveer 12% hoër is as verlede seisoen dieselfde tydperk. In Argentinië is die stroop van sonneblomsaad naby aan voltooi, met slegs 6% wat nog gestroop moet word. Die opbrengste in Argentinië en die produksie is effens hoër as wat verlede jaar gerapporteer was, en die droogte het nie so groot impak op die produksie van sonneblomsaad gehad het soos op die sojaboon produksie nie. **Plaaslik:** Die plaaslike sonneblomsaad mark het verlede week gemeng verhandel met die pryse wat vroeër die week sterker verhandel het, maar het onder druk gekom soos die week gevorder het en die mark het Vrydag effens laer gesluit as die vlakke waarteen die mark Maandag oopgemaak het.

Kanola: In Kanada is die kanola-pryse onder druk as gevolg van groot voorraadvlakke en 'n verlansaming in die verkope en verwerkings van Kanola. Sjina kan dalk 'n groter koper van Kanadese kanola word aangesien die onsekerhede nog steeds tussen Sjina en die VSA voortduur, en dit kan positief wees vir die Kanadese kanola-pryse. **Plaaslik:** Die plantseisoen het plaaslik in die Wes-Kaap begin en die fokus sal grootliks op die weerstoestand en reënval wees deur die loop van die seisoen, aangesien die produsente tans met baie lae grondvog vlakke plant.

Grondbone: 'n Skerp verswakking in die vooruitsigte vir grondboon produksie in Argentinië het die internasionale grondboon pryse gedurende hierdie maand ondersteun. Die stroop van grondbone in Argentinië is steeds aan die gang en die verwagtinge vir die seisoen se produksie is wisselvallig, maar die verwagte afname in produksie vir die seisoen behoort ongeveer 20% tot 30% teenoor verlede jaar te wees. **Plaaslik:** Die plaaslike stroop proses van grondbone is aan die gang en die nuutste Oesskatting verslag vir die seisoen sal Woensdag vrygestel word.

Vir enige navrae, kontak asb: Luan van der Walt, E-pos: luan@grainsa.co.za